## Cyrenius se verontwaardiging oor Zorel se misdade

**67** Nou is ons Zorel eindelik heeltemal verslae en het hy niks meer tot redding van sy eer om na vore te bring nie. Hy begin by homself diep na te dink oor wat hy nog ter regverdiging van homself uit sy brein te voorskyn sou kon bring, maar hy vind alle uitweë afgeslote en daar vertoon hom geen enkele hóé klein gaatjie waardeur hy sou kon ontsnap nie.

[2] Johannes maan hom aan om te praat en van sy gespanne boog gebruik te maak, maar Zorel wil nog steeds nie sy mond oopmaak nie.

[3] Cyrenius egter, bietjie verbaas oor Zorel se boosheid, vra aan My: "Meester, wat moet nou daaraan gedoen word? Al dié omstandighede maak dat die man strafbaar is! Want ons wette met betrekking tot slawehandel staan wel toe om slawe saam met hulle kinders, as hulle het, aan enigeen te verkoop, maar kinders van vry mense, spesifiek van die vroulike geslag, mag nooit op `n mark gebring word onder die leeftyd van veertien jaar nie, daarop staan `n swaar straf. Dit is `n misdaad!

[4] Verder moet enigeen wat slawehandel wil dryf, daarvoor `n eie, wetlik gereëlde bevoegdheid hê en aan die staat `n aansienlike koopsom vir dié bevoegdheid betaal en tewens `n jaarlikse, spesiale, hoë belasting. By hom en sy kamerade is daarvan in die verste verte geen spoor te beken nie, dus het hulle klandestien handel gedryf, wat nogmaals `n groot misdaad teen die bestaande wette beteken, waarop onder sulke verswarende omstandighede tien jaar kerkerstraf staan.

[5] Daarby kom dan nog `n vyfvoudige baie gewetenlose verkragting, wat so ernstig is dat die dood daarop volg! Dit is alweer `n misdaad, waarop onder sulke verswarende omstandighede minstens vyftien jaar kerkerstraf staan, of selfs die doodstraf!

[6] En van `n meer onlangse datum kom daar nog allerlei diefstalle, bedrieërye en deurtrapte leuens by!

[7] Meester, U ken my pligte ten opsigte van die staat en my eed op alles wat vir my gewyd en dierbaar is! Wat moet ek in hierdie geval doen? By Mathael en sy vier geselle was hulle absolute besetenheid `n sekere beskerming teen my harde plig as opperregter van die staat. Maar hier is glad niks wat die man beskerm teen my plig as regter nie. Hy is `n volmaakte booswig! Is ek hier nie verplig om my streng taak te handhaaf nie?"

[8] Ek sê: "Luister - omdat Ek toevalligergewys hier die Meester is en jy, welbeskou, slegs aan My jou eed verskuldig is en Ek jou daarvan kan ontslaan hoe en wanneer Ek wil, het Ek ook intussen alleen te bepaal wat hier agtereenvolgens vir die genesing van `n siek siel gedoen moet word! Bowendien het jy jou eed aan gode gesweer wat ewiglik nêrens bestaan nie, en omdat die beskermers van jou eed so min voorstel, sal jou eed ook nie baie meer kan voorstel nie. Jou gode en jou eed is daarom op sigself één groot nul. Slegs in soverre Ek jou eed as `n teken van trou beskou, het dit ook waarde; maar vir sover Ek jou eed as nul sien, het dit vir My ook nie die minste waarde nie en is jy in elk geval vir hierdie oomblik heeltemal daarvan onthef.

[9] Ek sê vir jou dat die ondersoek van hierdie man nog nie heeltemal afgeloop het nie, daar sal nog gewis heelwat te voorskyn kom wat jou nog meer sal aangryp!

[10] Hierdie is `n heel merkwaardige man, wat jy eintlik al daardeur beter moes geken het omdat hy in sy magnetiese slaap al grotendeels, al is dit bietjie algemener as nou, sy innerlike blootgelê het, veral in sy eerste berouvolle stadium. Die nou plaasvindende, openlike onthulling gaan weliswaar meer spesifiek te werk omdat dit op dié wyse te werk moet gaan, maar jy moet geen aanstoot daaraan neem nie, want Ek laat dit juis daarom plaasvind om julle `n deur en deur siek siel heeltemal te laat sien en vervolgens ook die medisyne vir die moontlike genesing. Vroeër het Ek jou reeds vertel hoe ontakties en dom dit sou wees om `n mens met `n siek liggaam met die roede en kerker te straf omdat hy siek geword het; hoeveel ontaktieser en dommer is dit dan om `n mens vanweë sy deur en deur siek siel liggaamlik en moreel met die dodelikste slae te straf! - Sê My eers, vriend Cyrenius, het jy in jou ywer dié les van My nou al heeltemal vergeet?"

[11] Cyrenius sê: "Nee, nie dit nie, o Majesteit en hoogste Meester van die ewigheid, maar weet U, oudergewoonte steek daar by my af en toe `n klein stormpie op as daar êrens so `n deurtrapte booswig opduik! Maar U sien goed hoe gou ek my laat vermaan en daarby my ou domheid ook dadelik insien! Nou verheug ek my alweer oor die verdere ondersoek, waarin ons Johannes baie bekwaam skyn te wees! Maar daartoe behoort ook Johannes se wysheid en sy innerlike deurskouingsvermoë, natuurlik gelei deur U gees. Die mooiste is egter dat Zorel eintlik nog niks opgemerk het van iets wonderbaarliks nie, terwyl dit hom tog moes opgeval het dat die wyse Johannes hom sy gruwelikste doodsonde uit alle lande waarin hy dit begaan het, so goed beskryf asof hy orals oog- en oorgetuie sou gewees het!"

[12] Ek sê: "Luister jy nou maar weer goed, want Johannes sal dadelik weer met hom verder gaan!"

[13] Cyrenius word weer heeltemal aandagtig; Ek sê egter vir alle aanwesige vroue en meisies dat hulle hulleself in die tente moet terugtrek omdat die verdere behandeling slegs vir ryper manne van belang is. Al die vroue gehoorsaam, insluitende Jarah en die twee tot lewe geroepe dogters van Cyrenius, Gamiéla en Ida.

## Zorel se verdere verontskuldiging

**68** Die nuuskierigheid van die vroue was weliswaar groot, maar die uitwerking van My woord was tog sterker en almal gaan na die tente van Ouran, waar hulle solank moes bly totdat die mense hulle weer sou roep.

[2] Toe die vroue hulle onttrek het, sê Johannes vir Zorel: "Wel, hoe staan dit nou met die afskiet van jou gespanne boog? Ek glo dat jy al jou puntige pyle in die lug geskiet het sonder om êrens iets te getref het. En tog wou jy vroeër selfs `n geveg aangaan met die oneindige wysheid van Elohim! Ek raai jou aan om nou te praat, as jy nog iets kan sê!"

[3] Zorel antwoord uiteindelik: "Wat moet ek dan nog sê? Die gode mag weet hoe, maar jy weet tog al alles wat ek vanaf die wieg gedoen het, waarom moet ek jou dan nog meer vertel? Ek sou graag nog iets wou sê, maar waarom sou ek my nog verder verdedig? Soos wat ek was, en vir die grootste deel nog is, so gedra ek my ook; want ek kan tog nie anders handel as wat my hart my ingee nie! Kan leeus of tiers iets daaraan doen dat hulle wilde diere is? Dit is nou eenmaal hulle natuur, en hulle is tog beslis nie deur en deur verkeerd omdat hulle is soos wat hulle is nie! As hulle sleg is, het slegs die een skuld wat hulle so geskape en gemaak het!

[4] Waarom kan daar duisende mense makker as lammers wees en waarom is ek dit dan nie?! Het ek dalk myself geskape en so gemaak? As ek egter maar net sleg sou wou wees, dan sou ek nou alles wat jy ook maar deur jou wysheid oor my gesê het, nog heeltemal kon ontken, want die wyse uitsprake van één enkele mens geld by ons vir die forum van die wêreldse reg nooit as bewys solank dit nie deur uitsprake van ander getuies geheel en al bevestig is nie. Maar ek erken jou wysheid en dink dat jy `n mens is wat my nou nie wil skaad nie, maar slegs wil help en daarom beken ek dat wat jy oor my vertel het, waar is. Ek loën die waarheid van dit alles nie in die minste nie, maar ek sal my tog altyd nog wel mag regverdig!

[5] Dit staan jou egter sonder meer vry om alles hardop te vertel wat ek ten gevolge van my daartoe neigende aard gedoen het; want meer as dood kan julle my nie daaroor maak nie, en die dood kan ek moedig in die hol, duistere oë kyk, want daarvoor is ek nie bang nie! Daaruit kan jy reeds uitmaak dat ek geen groentjie meer is nie. As aan jou uit my ploertige lewe miskien nog `n paar skouspelagtige dinge bekend mag wees, kom dan maar daarmee na vore, want niks ter wêreld kan my nou al meer steur nie!

[6] Origens het jy met betrekking tot die vyf meisies bietjie oordryf toe jy my daarvan beskuldig om maar slegs spyt oor hulle te gehad het vanweë die aanmerklike wins wat my ontgaan het deur hulle dood, wat trouens nie maar net te wyte was aan `n geringe verkragting nie, maar aan die hertoetrede van `n gevaarlike kwaal. Ek sou selfs etlike geloofwaardige getuies kon oproep wat gehoor het dat ek Zeus vurig gebid het om die vyf meisies vir my te bewaar, en ek lê voor die gode `n eed af dat ek die meisies vir altyd as dogters by my sou hou as hulle gesond sou word en in die lewe sou bly. Toe egter, ondanks alle sorg, al vyf met verloop van dertig dae tog sterwe, was ek ontroosbaar en lê nogmaals `n eed af om geen meisies weer aan te raak en geen slawehandel meer te dryf nie. Daaraan hou ek my tot op hede en juis daarom het ek ook hierheen getrek en het ek my besittings gekoop, waarvan ek deur die vuur nou alles verloor het wat ek vir my ooit êrens verwerf het. - Sê jy nou eers of ek ook hierdie keer onwaarheid gepraat het!"